

KOMMUNIKAMMA



TEKS vir die WEEK:

Psalm 25: 4 & 5. "Maak my, U wil bekend, Here, leer my U paaie. Laat U waarheid my lei en onderrig my daarin, want U is God my redder. In U stel ek elke dag my verwagting."

SAKE vir GEBED:

- * Peet Viljoen is in die hospitaal.
- * Alida Strydom is in die hospitaal.
- * Igny Scheepers se broer wat herstel na 'n groot operasie.
- * Johanna Fourie se pa is in die hospitaal.
- * Jan Kapp se dogter sukkel baie met haar gesondheid.
- * Bid asseblief vir Irma Loots wat weer behandeling ontvang en baie pyn verduur.
- * Ons dank ons Vader dat Laura Krause se knieoperasie suksesvol was en glo dat sy spoedig volkome sal herstel.
- * Bid vir Yvette en Gys Geldenhuys wie se dogter ernstig siek is en behandeling ondergaan.
- * Dra ook al ons lidmate aan Jesus op wat siek is en tuis versorg word.
- * Bid dat die Here, deur sy Heilige Gees, mense se lewens sal nutmaak sodat daar 'n einde sal kom aan xenofobie en geweld teen mense, in besonder vroue en kinders.
- * Ons glo dat die Here ons hulpgeroep sal hoor en dat Hy spoedig reën sal stuur na die dele van ons land wat dor en verskroei is. Dra die boere, wat magtelos toesien hoe hul diere van honger en dors omkom, aan ons Almagtige Vader op.
- * Bid vir almal wat eksamen skryf.
- * Ons dra die elf opgewonde dames wat Donderdag na Egipte vertrek, aan die Here op. Bid dat die Here elkeen sal seën met goeie gesondheid, genade, vrede, onderskeidingsvermoë en hoop. En mag hulle Sy lig in 'n donker wêreld deur liefde uitstraal.
- * Ons dank die Here vir die vordering met die veranderinge aan ons kerk en bid dat die Here die projek sal seën.

*****Bid dat regeringsleiers meer verdraagsaam sal wees teenoor Christene in Bhoetan en dat die mag van godsdienstige nasionalisme sal verswak.**

SONDAG 15 SEPTEMBER 2019

08:30 Eietydse diens in saal

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens in saal

Deurdankoffer vir Bybelgenootskap

Teebeurt vandag: Elizma Harmse en Laura Krause

Bybelstudiegroepe

Geen teebeurte gedurende die vakansie

MAANDAG 16 SEPTEMBER

12:45 Gebedskild in gebedskamer.

FONTEINVRIENDE – DONDERDAG 19 SEPTEMBER

Ons besoek Jeffreysbaai. Ons vertrek Donderdag

09:00 met bussies van die saal - stap of sit by die see en gaan dan vis eet by die Kospot.

Ons moet al 11:00 daar wees omdat ons so baie is.

As daar iemand is wat nie kan gaan nie, laat weet asb vir Elna Thiart by 041-3602225 of sel 083 662 1774.

VRYDAG 20 SEPTEMBER

05:00 Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68.

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU

Die proses is steeds aan die gang.

Ons hoop om net na die einde van hierdie maand terug te trek kerkgebou toe. Dankie vir elkeen se geduld. Bly bid vir die proses.

EREDIENSTE GEDURENDE VAKANSIE

22 en 29 September is daar slegs een diens om 09:00 in die kerksaal.

Kantoorure gedurende die vakansie is tussen 09:00 en 10:00 Dinsdag tot Vrydag.

KOM DIEN DIE HERE MET JOU GAWES

Ons het mense nodig as kerkraadslede en om te kom help by die diensterreine. Kontak enige dominee indien die Here jou lei om te kom dien met jou gawes.

ALGOA GEMEENSKAPSKERK BYBELPROJEK

Algoa Gemeenskapskerk het 'n Bybelprojek waar hulle tweedehandse Bybels aan minderbevoorregte mense, kinders by Laerskool Piet Retief en aan die jeug van die gemeente wil uitdeel.

Indien jy Bybels in jou huis het wat jy nie gebruik nie, of 'n donasie wil maak, kan jy dit by die kerkkantoor inhandig.

HUIS LOUISA MEYBURGH

Die Tehuis benodig op 'n gereelde basis toiletware soos seep, skeermesse, pleisters, babapoeiers, ens. Enige bydraes kan by kerkkantoor ingehandig word. Kontakpersone is Marlene Postma (0413605243) of Ansie Vorster (041-3794169).

NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: www.ngkraggakamma.co.za.

Loerie Nartjiefees Saterdag 28 September

Die NG Kerk Loerie se gewilde Nartjiefees word op 28 September op die kerkterrein gehou. Inkomste uit die fees word vir die aanwending van die gemeente uitgawes gebruik. Die kunstenaars wat optree is Kurt Darren, Dillon Lerm, Fatman, Elandré, Leah, Manie Jackson en Kobus en Karla. Toegangsfooie is R130.00 vir volwassenes en R50.00 vir laerskool leerders. Dit sluit die optrede van al die kunstenaars in. Daar is plaasprodukte (o.a. groente en nartjies), kos- en kunsmarkstalletjies en aktiwiteite vir kinders. Navrae kan gerig word by sel 082 318 6827. Nartjiefees die lekkerste gesinsfees in die Oos-Kaap.

NG KERK GAMTOOSVALLEI-OOS – PATENSIE

Op **5 Oktober 2019 vanaf 8:00** hou die gemeente hul jaarlikse plaasbasaar. Dit sal plaasvind by die Enduleni pakhuis, 3,5 km wes van Patensie. Kom geniet 'n heerlike plaasontbyt, teetuin, vleis, deli, groente en vrugte en kindervermaak. Daar sal ook 'n veiling wees. Ondersteun ons asseblief!!!!

NG KERK SONHEUWELS – DAMESTEE

Die Vrouediens van NG Gemeente Sonheuwels nooi alle dames van ander gemeentes in Port Elizabeth uit na 'n damestee wat sal plaasvind op Saterdag **5 Oktober 2019 om 10.00** die oggend. Die tema is: **Wat sê my handsak van myself?** Gemeentes kan 'n tafel vir 10 persone bespreek teen R700-00, of kaartjies individueel koop teen R70-00. Kaartjies sluit verversings en geskenkies in. Daar sal ook gelukkige trekkings van verskillende items wees. Die oggend sal ook verder ingekleur word deur 'n kort opvoering oor handsakke, asook 'n inligtingsessie deur 'n skoonheidsdeskundige. Bring gerus julle handsakke saam! Vir navrae en besprekings kontak **Martnel van Staden by 081 343 2928**.

HARTKLOP-VROUE LORRAINE NG KERK

Kom kuier saam met Riekert en Pippa Botha op **5 Oktober vanaf 09:00 – 13:00**.

Tema: Verhoudings

Koste: R50 per persoon

Kaartjies te koop by Lorraine kerkkantoor vanaf 8 September.

Navrae: Hannalize 041-367 2284.

There4-Bedieninge en die reisigers van Kraggakamma Gemeente nooi gemeentelede en vriende na hul Egipte terugvoer-geleentheid:

Datum : 8 Oktober 2019

Tyd : 18:30

Plek: NG Kraggakamma Saal

RSVP: Voor of op Dinsdag, 3 Oktober by media@there4ministries.org of skakel Melissa by 041 360 1946.

KERSMARK 8 – 9 NOVEMBER

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting. Ons is ook op soek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

PERSVERKLARINGS

Die burgerlike samelewing, met inbegrip van geloofsgemeenskappe soos die NG Kerk, het die sosiaal-etiese verantwoordelikheid om hulle nie net te weerhou van enige vorm van haatspraak, stereotipering van enige groep en geweld teen enige persoon nie, maar ook om dit met oortuiging teen te staan. Die NG Kerk wil haar om hierdie rede sterk uitspreek teen geweld van watter aard ook al. Persverklarings waarin die NG kerk haar uitspreek teen vreemdelinge haat en aandring op aksie ten opsigte van die kultuur van geweld in ons samelewing is saam met die afkondigings of by die kerkkantoor beskikbaar.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..